Cambridge IGCSE

**Cambridge International Examinations**
Cambridge International General Certificate of Secondary Education

| | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| CANDIDATE NAME | | | | | | | | | | |
| CENTRE NUMBER | | | | | | CANDIDATE NUMBER | | | | |

*7476213641*

**AFRIKAANS AS A SECOND LANGUAGE** **0548/01**

Paper 1 Reading and Writing **October/November 2018**

**2 hours**

Candidates answer on the Question Paper.

No Additional Materials are required.

**READ THESE INSTRUCTIONS FIRST**

Write your Centre number, candidate number and name in the spaces at the top of this page.
Write in dark blue or black pen.
Do not use staples, paper clips, glue or correction fluid.
DO **NOT** WRITE IN ANY BARCODES.

Answer **all** questions in the spaces provided.

At the end of the examination, fasten all your work securely together.
The number of marks is given in brackets [ ] at the end of each question or part question.

**LEES EERS HIERDIE INSTRUKSIES**

Skryf jou sentrumnommer, kandidaatnommer en naam in die blokkies boaan hierdie bladsy.
Skryf met ’n donkerblou of swart pen.
Moenie krammetjies, skuifspelde, gom of vloeibare uitwisser gebruik nie.
**MOENIE** OP ENIGE STREPIESKODES SKRYF NIE.

Beantwoord **al** die vrae in die ruimtes wat daarvoor verskaf is.

Maak aan die einde van die eksamen seker dat jou werk stewig vasgemaak is.
Die aantal punte word tussen hakies [ ] aan die einde van elke vraag of deel van ’n vraag gegee.

This document consists of **18** printed pages and **2** blank pages.

DC (LK/FC) 142804/2
© UCLES 2018

CAMBRIDGE
International Examinations

**Oefening 1**

Lees die volgende inligting oor fynbos en veldbrande. Beantwoord daarna die vrae wat volg.

## Fynbos en die impak van vuur daarop





Fynbos is plante wat in groot dele van die Boland in Suid-Afrika gevind word. Baie soorte fynbos se saad begin net groei nadat daar ’n brand was. Proteas en erikas is voorbeelde van fynbos. Baie soorte fynbos wat in Suid-Afrika groei, kry ’n mens nêrens anders in die wêreld nie.

Fynbos het vuur nodig om te oorleef, maar gereelde, onbeplande veldbrande kan baie sleg daarvoor wees. As die tyd tussen brande korter is as die tyd wat dit ’n plant neem om te blom en saad te vorm, kan dit skadelik vir die plante wees.

In die Boland was daar groot veldbrande in Februarie 1999, Desember 2005, Januarie 2013 en weer in Februarie 2015.

’n Studie oor die 2005-brand het gewys dat die vuur wel ’n negatiewe impak op die gebied se biodiversiteit gehad het. Dit het gebeur omdat die plante na die vorige brand nie kans gehad het om te blom nie. Dit het beteken hierdie plante kon nie genoeg saad vorm nie.

’n Ander studie het gewys dat ten minste 50% van elke soort fynbos in ’n gebied tyd moet hê om ten minste drie keer tussen brande te blom om die biodiversiteit gesond te hou. Dit beteken sommige fynbosspesies wat stadig groei, het twaalf jaar tussen brande nodig.

As ons fynbos meer gereeld as elke twaalf jaar brand, kan dit beteken ons gaan sekere plantspesies verloor.

Doen dus jou deel en voorkom veldbrande.

(Uit: *Die Burger, 7 Februarie 2013*)

© UCLES 2018

1 Waar in Suid-Afrika kom fynbos meestal voor?

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................[1]

2 Waarom is vuur belangrik vir fynbos?

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................[1]

3 Wanneer kan veldbrande skadelik vir fynbos wees? Noem **twee** dinge.

**(i)** ..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................[1]

**(ii)** ..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................[1]

4 In watter maand het die meeste groot brande onlangs voorgekom?

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................[1]

5 Wat moet fynbosplante doen voordat dit saad kan vorm?

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................[1]

6 Watter soort fynbos kan ons verloor as dit meer gereeld as elke twaalf jaar brand?

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................[1]

7 Wat kan ons almal doen om fynbos te help?

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................[1]

[Totaal: 8]

© UCLES 2018

**[Turn over**

**Oefening 2**

Die Departement van Gesondheid wil inligting insamel oor tieners se eetgewoontes. Lees die volgende teks oor Nina Klopper en vul die res van die vorm wat volg, in.

Nina Klopper is op 1 Oktober 2002 gebore en is 16 jaar oud. Haar adres is Kloofweg 17, Groenkloof, 0181. Haar huistelefoonnommer is 012 346 2519 en haar selfoonnommer is 079 082 7354. Haar e-posadres is nina.klopper@gmail.com.

Nina is in graad 11 aan die Hoërskool Groenkloof. Haar skool se adres is Groenstraat 15, Groenkloof, 0181.

Nina se ma is ’n dieetkundige en maak seker dat haar gesin gesond en gebalanseerd eet. Haar kinders het by haar geleer om elke dag vars, tuisgemaakte kos en genoeg vrugte te eet. Die Kloppers eet selde uit.

Albei Nina se ouers is uitstekende kokke. Haar ma spesialiseer in Italiaanse kos en haar pa, wie se ma Frans en pa Afrikaans is, kook wonderlike Franse en Suid-Afrikaanse geregte. Nina het onlangs ’n kookkursus oor vegetariese etes bygewoon. Sy is reeds twee jaar lank ’n vegetariër en wil vir haar gesin bewys dat vegetariese kos net so lekker soos enige ander kos kan wees. Nina se vriendin Isabel, wat Mexikaans is, gaan vir haar ’n paar Mexikaanse resepte leer. Haar broer Tommy sê dis vir hom heerlik dat almal in sy gesin so lief vir kook is; hy is lief vir eet!

Nina se toekomsplanne is om in haar ma se voetspore te volg. Haar stokperdjie is egter om vegetariese resepte bymekaar te maak, dit uit te toets en dan op die sosiale media te publiseer.

**8**

**Tieners en kos**

Opname

*Vul asseblief die vorm in.*

Naam: Nina Klopper ......................................

Naam van skool: Hoërskool Groenkloof .................... Graad: ....................

Persoonlike besonderhede:

- Geboortedatum: ......................................
- Adres: ...................................... , Groenkloof, 0181
- Telefoonnommer: 079 082 7354 ......................................
- E-posadres: nina.klopper@gmail.com ......................................

Maak ’n regmerkie by die gepaste opsie(s) en vul die nodige inligting in:

- Dink jy jy eet gesond?

  Ja ☑ Nee ☐ Soms ☐ Ek weet nie ☐

- Hoe gereeld eet jy vars vrugte?

  Elke dag ☐ Nogal baie ☐ Soms ☐ Nooit nie ☐

- Wie kook kos in jou gesin?

  Ma ☑ Pa ☐ Ander: ......................................

- Hoe gereeld gaan jou gesin uit vir ete?

  Baie ☐ Min ☐ Nooit nie ☐

- Watter soort kos verkies jy? ......................................
- Watter werk wil jy graag eendag doen? ......................................

[9]

[Totaal: 9]

© UCLES 2018

**Oefening 3**

Lees die teks oor oplossings vir verkeersprobleme en voltooi dan die aantekeninge wat volg.

## Slim planne vir verkeer nodig

As jy al in Thailand of Indië was, sal jy weet miljoene mense klim elke dag op 'n bromponie om tussen hul huis en werkplek te ry.

In Suidoos-Asië sien 'n mens dikwels 'n Honda 125cc-motorfiets met die pa wat voor sit, die ma dwars agter hom en twee of drie kinders tussen hulle ingedruk.

Vir ons is so iets ongewoon. In Suid-Afrika klim jy soggens in jou wit motor en ry 20 km ver op 'n snelweg na die kantoor in die middestad.

Waarom is dit in Suid-Afrika so algemeen om 'n lang afstand per motor werk toe te ry? Wel, hier is daar baie meer ruimte. Dit beteken stede kon na buite uitbrei en mense woon dikwels ver van die middestad. Op plekke in die wêreld met minder ruimte woon mense dikwels in woonstelle naby die middestad.

Daar is verskillende antwoorde vir probleme met verkeer. In São Paulo vlieg ryk sakemanne met 'n helikopter na hul kantoor om die verkeer vry te spring. In Rio de Janeiro gebruik mense die moltrein. In Melbourne klim almal op 'n historiese groen trem, 'n soort treintjie wat op spore in die straat loop. Hierdie trems het roetes wat verskillende dele van die stad en die middestad verbind. Trems, moltreine en natuurlik helikopters word egter meestal in ryker lande gebruik.

In Zanzibar ry almal met Vespas. In Delhi, Mumbai en Bangkok is dit poegies (ligte motorfietse). Dit werk vir hulle. Een persoon op 'n bromponie gebruik veel minder plek op die pad as een persoon in 'n motor.

'n Slim entrepreneur wou dié konsep van 'n poegie so tien jaar gelede na Suid-Afrika bring. Hy het uitstekende navorsing gedoen en sy bemarking was goed beplan. Die fietsie (125 cc) is spotgoedkoop vanuit China ingevoer. Die fiets het 'n Zoeloe-naam gekry, Vuka, wat "ontwaak" of "word wakker" beteken. Die bromponies was veral gerig op die mense wat elke dag taxi's gebruik.

Die entrepreneur het uitgewerk dat dit goedkoper sou wees om elke dag van byvoorbeeld Soweto met 'n Vuka stad toe te ry as om taxigeld te betaal. Hy het hierdie som in sy bemarking gebruik. Mense wat 'n Vuka wou koop, is belowe: Koop die fiets en kry 'n gratis baadjie, valhelm, handskoene en ook 'n gratis afspraak vir jou leerlingrybewys.

Die plan het misluk. Miljoene mense ry steeds liewers taxi. Net soos die meeste mense in ryker buurte 'n motor bo 'n bromfiets verkies.

BMW het in dieselfde tyd as die Vuka-entrepreneur ook 'n plan gehad: die BMW C1, 'n bromponie met 'n dak op. Van die windskerm voor jou tot by die rugleuning agter jou het 'n smal glasdak bo-oor jou kop gestrek. Aan die kante was dit oop.

BMW wou toe deur die hele wêreld reël dat mense wat die C1 gebruik, nie 'n valhelm hoef te dra nie omdat die motorfiets met 'n dak so veilig is. BMW het geweet baie kantoorwerkers, veral vroue, wil nie 'n valhelm dra nie omdat dit jou hare plat druk. Hulle plan het gewerk en BMW se eienaars in Duitsland het van oor tot oor geglimlag.

Maar toe moes die C1 aan die mark onttrek word: Die ding wou nie verkoop nie. Prys, hantering – die lys probleme was lank.

Iewers gaan ons oplossings vir ons probleme moet vind. 'n Slim plan soos die Vuka is een manier, maar regerings moet verantwoordelik wees en trems, sneltreine en moltreine beskikbaar maak om antwoorde vir die verkeersprobleme te vind.



'n Honda 125cc-motorfiets



'n Vuka



'n BMW C1

(Uit: *Motors, Die Burger, 2 Julie 2015*)

Jy gaan 'n praatjie oor oplossings vir verkeersprobleme in die klas lewer. Maak **drie kort** aantekeninge onder elke opskrif waarop jy jou praatjie kan baseer. Die eerste aantekening is vir jou gemaak.

**9** In stede in ryker lande gebruik mense die volgende om die verkeer vry te spring:

- Helikopters
- ..........
- ..........

**10** Voordele as 'n mens 'n Vuka koop:

- ..........
- ..........
- ..........

**11** Verskille tussen die Vuka en die BMW C1:

- ..........
- ..........
- ..........

[Totaal: 8]

© UCLES 2018 

**Oefening 4**

**12** Gebruik die teks oor verkeersprobleme en skryf 'n opsomming van **maniere waarop mense probeer om die verkeer in stede vry te spring**. Jy kan van jou aantekeninge uit Oefening 3 in hierdie opsomming gebruik.

Jou opsomming moet **een paragraaf** lank wees en nie meer as **80 woorde** nie. Gebruik sover moontlik jou eie woorde.

.....................................................................................................................................

.....................................................................................................................................

.....................................................................................................................................

.....................................................................................................................................

.....................................................................................................................................

.....................................................................................................................................

.....................................................................................................................................

.....................................................................................................................................

.....................................................................................................................................

.....................................................................................................................................

.....................................................................................................................................

.....................................................................................................................................

.....................................................................................................................................

.....................................................................................................................................

.....................................................................................................................................

.....................................................................................................................................

.....................................................................................................................................

.....................................................................................................................................

.....................................................................................................................................

.....................................................................................................................................

...................................................................................................................................[5]

[Totaal: 5]

© UCLES 2018

**BLAAI OM VIR OEFENING 5**

**Oefening 5**

**13** Jy gaan hierdie komende naweek na ’n musiekkonsert en jy is baie opgewonde daaroor. Skryf ’n brief waarin jy ’n goeie maat wat in ’n ander dorp of stad woon, daarvan vertel.

Jou brief moet omtrent **150 tot 200** woorde lank wees.

Onthou om die volgende te noem:

- wie by die konsert optree
- wanneer en waar die konsert plaasvind
- waarom jy so daarna uitsien om na die konsert te gaan.

Jy sal tot 8 punte vir die inhoud van jou brief en tot 7 punte vir die styl en akkuraatheid van jou taalgebruik kry.

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

© UCLES 2018

...................................................................................................................................................
...................................................................................................................................................
...................................................................................................................................................
...................................................................................................................................................
...................................................................................................................................................
...................................................................................................................................................
...................................................................................................................................................
...................................................................................................................................................
...................................................................................................................................................
...................................................................................................................................................
...................................................................................................................................................
...................................................................................................................................................
...................................................................................................................................................
...................................................................................................................................................
...................................................................................................................................................
...................................................................................................................................................
...................................................................................................................................................
...................................................................................................................................................
...................................................................................................................................................
...................................................................................................................................................
...................................................................................................................................................
...................................................................................................................................................
.............................................................................................................................................[15]


[Totaal: 15]

**Oefening 6**

Lees die volgende teks en beantwoord dan die vrae wat volg.

## Vasberadenheid voer SA danser tot hoogtes

Op Leroy Mokgatle se voorkop staan een ding geskryf: vasberadenheid. Op 16 het hy pas deelgeneem aan die beroemde internasionale balletkompetisie Prix de Lausanne in Switserland, waar hy 'n beurs gewen het. Dit is net een van die prestasies agter sy naam.



Toe Leroy as sesjarige in graad 1 besluit het om ballet as buitemuurse aktiwiteit by die skool te neem, het hy nie geweet waarvoor hy hom inlaat nie. "Om die waarheid te sê, ek het gedink dis 'n sportsoort," sê hy laggend. "Ek het nie dadelik lief geraak vir ballet nie. Dit het 'n rukkie geduur, maar ek wou daarmee aanhou en het 'n ballet-ateljee in Pretoria besoek."

"Later was ek gelukkig toe die eienares van 'n balletwinkel my raaksien. Sy het my gehelp om na 'n oudisie by die Art of Motion-dansskool in Johannesburg te gaan. Toe ek daar aanvaar is, het dinge in alle erns begin."

Dit was eers ná sy eerste deelname aan 'n internasionale kompetisie, die uitdagende Youth American Grand Prix in New York waar hy 'n bronsmedalje gewen het, dat hy besef het dat dans vir hom 'n loopbaan kan word. "Daardie kompetisie was 'n openbaring! By die eerste klas het ek die ander manlike dansers uit die hoek van my oog dopgehou en besef ek sal skouer aan die wiel moet sit. Die standaard was hóóg. Ek was reg om te begin werk."

Ná baie kompetisies en pryse oorweeg Leroy en sy afrigters nou moontlikhede vir opleiding oorsee. Hulle oorweeg ook verdere dansrolle vir hom.

Alles is egter nie maanskyn en rose nie. Die Art of Motion-dansskool is een van die min skole in Suid-Afrika waar dansers vanaf 'n vroeë ouderdom heeltyds dans kan studeer. Hulle voltooi hul skoolopleiding deur afstandstudie. "My dag begin soggens om sesuur. Dan werk ons meestal aan fiksheid en tegniek. In die middae het ons drie uur skool by 'n privaat onderwyser, en daarna werk ons tot vroegaand aan ons produksies. 'n Mens woon nie by jou mense nie en verlang dikwels huis toe."

"Ek het al baie kritiek gekry oor my liggaamsbou, want ek is klein. Mense het al voorspel dat ek nie 'n suksesvolle loopbaan sal kan hê nie. Natuurlik is dit nie maklik om te hoor nie, maar dit motiveer my om te bewys dat ek 'n sukses van my loopbaan kan maak."

© UCLES 2018 

"Ek is in ballet en ook moderne dans opgelei, maar my hart klop vir ballet. My droomrol is Albrecht in *Giselle*, wat 'n ernstige rol is. Die tegniese uitdagings sal my uit my gemaksone neem. Al is komiese rolle vir my makliker om te dans, stel ek meer belang in dramatiese rolle. Ek wil nie in 'n kassie gedruk word nie."

"Ek mis my familie dikwels. Dansers moet vroeg al leer om selfstandig en verantwoordelik te wees. My ouma in Rustenburg is een van my grootste aanhangers en my ooms en tantes in Pretoria volg my vordering getrou op die sosiale media."

"By die Prix de Lausanne het ek weer gesien hoe belangrik dit is om jou individualiteit te ontwikkel en nie 'n kloon van iemand anders te wees nie. Niemand stel belang in onoorspronklike kunstenaars nie. 'n Danser se werk is om musiek deur jou liggaam te laat praat. Musikaliteit is uiters belangrik."

Op die vraag of daar iemand buite die danswêreld is wat hom inspireer, antwoord Leroy sonder om 'n oomblik te twyfel: "Vir my is dans die enigste moontlike wêreld."

(Uit: *Die Burger, 10 Februarie 2016*)

**14** Hoe weet 'n mens Leroy het nie baie van ballet geweet toe hy daarmee begin het nie?

..........................................................................................................................................

.......................................................................................................................................[1]

**15** Waarom het die eienares van die balletwinkel 'n belangrike rol in Leroy se loopbaan gespeel?

..........................................................................................................................................

.......................................................................................................................................[1]

**16** Wat het Leroy tydens die kompetisie in New York uitgevind? Noem **twee** dinge.

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

.......................................................................................................................................[2]

**17** Noem **twee** redes waarom die lewe by die Art of Motion-dansskool nie maklik vir die leerders is nie.

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

.......................................................................................................................................[2]

© UCLES 2018 

**18** Wat wys Leroy se reaksie op kritiek van sy liggaamsbou jou van sy persoonlikheid?

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................[1]

**19** Watter bewys is daar dat Leroy hoë standaarde aan homself stel?

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................[2]

**20** Waaruit is dit duidelik dat Leroy se familie trots op hom is? Noem **een** ding.

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................[1]

[Totaal: 10]

© UCLES 2018

**Oefening 7**

**21** Lees die volgende uitsprake oor oefening:

> "'n Mens kan net gesond wees as jy genoeg oefen."
>
> "Soos alles anders, kan oefening oordoen word."
>
> "Niks laat my so goed voel soos om fisies aktief te wees nie."
>
> "My sosiale lewe hou my so besig dat ek nie tyd kry om te oefen nie."
>
> "'n Gesonde liggaam huisves 'n gesonde gees."

Skryf 'n artikel vir die skoolkoerant waarin jy jou mening oor die rol van oefening in jong mense se lewens bespreek.

Jou artikel moet ongeveer **200 tot 250** woorde lank wees.

Jy kan van die idees hierbo gebruik, maar moet ook jou eie idees byvoeg. Dit is belangrik dat jy jou mening goed verduidelik.

Jy sal tot 8 punte vir die inhoud van jou artikel en tot 7 punte vir die styl en akkuraatheid van jou taalgebruik kry.

.............................................................................................................................................

.............................................................................................................................................

.............................................................................................................................................

.............................................................................................................................................

.............................................................................................................................................

.............................................................................................................................................

.............................................................................................................................................

.............................................................................................................................................

.............................................................................................................................................

.............................................................................................................................................

.............................................................................................................................................

.............................................................................................................................................

.............................................................................................................................................

© UCLES 2018

© UCLES 2018

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

....................................................................................................................................[15]

[Totaal: 15]

© UCLES 2018

**BLANK PAGE**

© UCLES 2018 

**BLANK PAGE**

Permission to reproduce items where third-party owned material protected by copyright is included has been sought and cleared where possible. Every reasonable effort has been made by the publisher (UCLES) to trace copyright holders, but if any items requiring clearance have unwittingly been included, the publisher will be pleased to make amends at the earliest possible opportunity.

To avoid the issue of disclosure of answer-related information to candidates, all copyright acknowledgements are reproduced online in the Cambridge International Examinations Copyright Acknowledgements Booklet. This is produced for each series of examinations and is freely available to download at www.cie.org.uk after the live examination series.

Cambridge International Examinations is part of the Cambridge Assessment Group. Cambridge Assessment is the brand name of University of Cambridge Local Examinations Syndicate (UCLES), which is itself a department of the University of Cambridge.